Stabilis

GREY KOLLEGE / COLLEGE · BLOEMFONTEIN

Beste skoolkoerant in Suid-Afrika in 2008

Volume / Jaargang 43 | Junie 2009 | No/Nr 2

Eerstes mik net hoër

Rugbyspan vestig hulself as die beste in Suid-Afrika

Johan Goosen, losskakel van die eerstespan, mik na die pale gedurende die wedstryd teen Affies. Die eerstespan het hierdie wedstryd met 'n puik telling van 30-13 gewen en daarmee hul 43ste agtereenvolgende oorwinning behaal. Hulle het laas in Augustus 2006 teen Paul Roos Gimnasium in Bloemfontein verloor.

Foto: Reitz Rabie

Joernaal

Hulle dink net in Engels

Bladsy 8

Sport

Soccer team tours Europe

Page 11

Sport

Eerstespan handhaaf onoorwonne rekord

Bladsy 12



Kultuur

Sangers bekoor gehoor

Bladsy 9

Sport

Hockey

The first team performed well despite injuries to some of the top players in the squad. The team remains unbeaten in interschools.

Page 11

Chaotic road system seems to have a purpose

Soccer World Cup 2010 construction programme leads to traffic congestion

Melo Mtombeni

As the 2010 Soccer World Cup approaches, there is a new buzz on our national roads. Grey College has also made temporary changes to the school's roads system.

These changes were necessitated by construction on roads leading from the school to the city. Roads affected include Parfitt Avenue and Donald Murray Street. The reason for this new rapid construction can be attributed directly to the 2010 Soccer World Cup. With two additional roads currently under construction, the school is helping to dissolve traffic from areas affected by the construction. These new roads are at the main entrances to the school, one beside Eunice High School and another beside the Telkom buildings. Each road consists of two parts, one part for Grey College traffic and the other for access to the city and neighbouring schools.



These changes were necessitated by construction on roads leading from the school to the city. Roads affected include Parfitt Avenue and Donald Murray Street. The reason for this new rapid construction can be attributed directly to the 2010 Soccer World Cup. With two additional roads currently under construction, the school is helping to dissolve traffic from areas affected by the construction. These new roads are at the main entrances to the school, one beside Eunice High School and another beside the Telkom buildings. Each road consists of two parts, one part for Grey College traffic and the other for access to the city and neighbouring schools.

New gates will also help in controlling the traffic flow in and around the University of the Free State, Eunice and Grey. The old road leading to the University might be re-opened in the near future to accommodate traffic from the western suburbs to the two schools (Grey and Eunice). The gates will be opened when school begins and when it ends. These roads are supposed to be used only temporarily for 13 months until the town roads are completed.

The construction company responsible for the work will also indirectly improve the school terrain by providing more paved parking places for visitors during sports days. They will also provide the necessary fencing to make sure that traffic will not be a danger to school children. It is expected that a small degree of chaos might ensue during rush hour, but in the whole, this system of roads might be the only way to make life easier for parents and staff during the next year. The gates constructed at Eunice and the University of the Free State are to be used by them only. These roads are therefore not supposed to be used by Grey traffic. One of the outside roads will lead from Brandwag into Nelson Mandela Drive and through the Telkom building for easier entry to the school. The road leading around the College Square shopping complex might also be re-opened to accommodate traffic moving from the school to western suburbs like Universitas and Langenhovenpark.

Both staff and learners are affected by these changes. Many town boys now resort to coming earlier in the mornings but have trouble leaving the school grounds because of traffic jams in the afternoons. These problems only occur during rush hour, however. What is needed is better time management, like having a longer school day to incorporate normal school hours and extra-mural activities like sport and culture.

Once all these gates and alternative roads are completed, all necessary information will be given to security and personnel. Parents and learners will soon be notified of these additional arrangements.

Brill-Huis trek 'n nuwe baadjie aan

Harry Vogel

Sowat 30 jaar gelede was Brill- en Murray-Huis se kamers gerestoureer. Met verloop van tyd het dit dus nodig geword om weer dieselfde prosedure te volg.

Die toestand van die kamers was van so 'n aard dat dit afbreuk gedoen het aan dit waarvoor Grey Kollege hom beywer en dit is om net die beste aan sy leerders te bied. Aangesien die kamers gedurende vakansies uitverhuur word, het dit ook 'n noodsaaklikheid geword. Murray-Huis was al in 2008 volledig oorgedoen terwyl daar in dieselfde jaar met Brill-Huis begin is. A&E Ceilings and Partitions doen die hele restoureringsproses van Brill-Huis en sal hopelik aan die einde van 2009 klaar wees.

Mnr. Ingo Machts, koshuisvader van Brill-Huis, sê: "Die oordoen van die kamers was bitter nodig. As die koshuisseuns in netjiese kamers bly, kweek dit ook 'n groter trots by hulle ten opsigte van hulle skool." Die nuwe kaste en lessenaars is van Royal Mahogany-hout gemaak en die beddens is van staal. 'n Anonieme persoon in Brill-Huis sê: "Die kwaliteit van die beddens is goed, maar my lessenaar is wankelrig. Elke nou en dan moet ons ons kaste se skarniere rapporteer wat uit die hout gebreek het a.g.v swak hout en te kort skroewe." Al die vloere is nuut afgeskuur en die mure is uitgeverf. Van die ou kaste en beddens is aan welsynsorganisasies gegee en die res is verkoop. Mnr. Johan Volsteedt, skoolhoof van Grey, sê: "Dis goed om voortdurend op te gradeer, want ons mag nooit toelaat dat enigiets by Grey stagneer of agteruit gaan nie. Ons wil altyd die beste aan die Grey-seuns bied. Ons glo ook dat Grey-seuns dit wat in 'n goeie toestand is, sal oppas."

Hopelik sal die nuwe kamers 'n meer huislike atmosfeer skep met meer spasie wat meer privaatheid aan elke koshuisseun sal bied. Rinus Nel, nog 'n Brill-Huis-bewoner, sê: "Alles lyk pragtig, maar ons wil hê dit moet ten minste 20 jaar netjies bly, nie net 2 jaar nie. Dit is waar kwaliteit 'n rol speel." Ons hoop dat dit wat in 'n goeie toestand is, in 'n goeie toestand sal bly.

Devoted educators are lifetime achievers

Francois Venter

Grey College has a rich history of loyal teachers, who serve the school not only in years, but in decades.

The headmaster, Mr. J.A. Volsteedt, has been part of Grey College his whole life. He was raised on the school grounds. His father, Mr. A.K. Volsteedt, was a teacher at the school from 1941. From 1954 he served as vice principal before leaving the College for a few years, only to return as headmaster in 1960. Mr. Johan Volsteedt matriculated at Grey College in 1965, finished his studies and then returned to the school he loves. He has served the school for four decades.

Another staff member who has served the school for more than four decades is Mr. J.C. Venter. He has been a mathematics teacher at the school for 41 years. Mr. Venter has the honor of ringing "The First Reunion" bell at every matric farewell, an honour previously kept by the late Mr. Chris H.J. (Chain) Marais, a mathematics teacher.

Miss M. Venter, sister of the above-mentioned Mr. Venter, has been of service to the school for 35 years. In an interview with Stabilis she was asked about this milestone in her life and she said, "I love working with these children and it is an honour to work at this prestigious school."

Other long-serving employees of Grey College are: Mr. T.K. Cronjé (vice-principal), Mr. A.M.S. van der Wal (vice-principal), Mr. I.W. Machts (first rugby team coach), Mr. R.C.B. Meyer (first rugby team coach) and Miss G.J. Cilliers (mathematics teacher).



Third language for many learners a first choice

With 30 matrics, the school has one of the largest German classes in country

Ricardo Barreto

At Grey College, German is taken as our third language, or nowadays, we call it our second additional language. German is compulsory for all Grade 8 and Grade 9 learners. In Grade 10 you have the option of either "dropping" German for another subject, taking it as one of your seven subjects, or taking it as an extra subject.

Many students decide to continue with German as a subject, but it has come to our attention that there are more students who have chosen German as a subject from Grade 10-12 than at any other school in the country - a total number of 92 students! The grade 8 and 9 learners who also have German as a compulsory subject also have the largest number of students in the country. There are a total number of 30 matric students taking German.

When interviewing Mrs. Sannette Greyvenstein about her views about this achievement, she remarked, "I am very proud of all the German students and very excited about the large number. Of course it creates a lot of work for me, but all the teachers at Grey have a lot of work to do and work very hard." Possible reasons for the great number of students taking German could be the fact that German is a world language, and the Grade 8 and 9 learners get exposed to the language and realize how worthwhile it is to speak a third language.

Another possible reason according to Justin Pappin, a German student in Grade 12, "In 2007 a tour to Germany was made available to all German students. This could be a reason why such a great number of students take German." There are many reasons why students continue with the subject, some for the enjoyment of the subject and some for personal reasons such as another Grade 12 student, Ryan Jones, who stated, " It could be that a number of pupils are planning to leave the country, and due to the fact that German is a world language it will help tremendously and it will greatly benefit such students."

School principal, Mr. Johan Volsteedt, and the German teachers are very positive about German as a subject, and this extra-ordinary achievement has made learners realize how important it is to be able to speak a third language. More learners also get to know, not only a language, but a wonderful culture and a very different way of living. Unfortunately, there is no award for such an achievement, but we can only benefit from this achievement. The school and its students will only reap the benefits, and it's another tremendous achievement for Grey College. All the credit goes to the hard-working German teachers, who teach the subject with passion and who strive to make the subject as enjoyable as possible. And who give each individual learner the chance to experience a very different and wonderful language and culture!

Grey scores with Hertz

Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to **www.greycollege.co.za** and click on the Hertz logo or call **0861 600 136.**
Terms and conditions apply.

Hertz
#1 in car rental worldwide

ABSA
Studenteburo
Vandag se skolier, môre se pionier.
College Square, Zastronstraat, Bloemfontein
Tel (051) 4482571/2, Faks (051) 4482578

Instituut bied wye verskeidenheid

Léhan Bloemhoff

Die Grey Sportinstituut, wat tans in die Grey Itec Gimnasium funksioneer, is 'n multidissiplinêre diensleweringsfasiliteit tot die beskikking van Grey-seuns. Dié instituut het ten doel om fasiliteite en kundigheid te voorsien wat die ontwikkeling en prestasie van alle Grey-seuns op sportgebied sal bevorder.

Die multidissiplinêre span, wat hierdie belangrike funksie moet vervul, is saamgestel uit 'n geneesheer, fisioterapeut, biokinetici, sportwetenskaplikes, 'n sportsielkundige, 'n dieetkundige en 'n visie-spesialis. Die unieke bydrae van die onderskeie dissiplines is onontbeerlik om die telbord te verander. Die geneesheer is verantwoordelik vir die diagnose en behandeling van mediese probleme wat verband hou met inoefening, ooroefening en optimale prestasie.

Die beseringsinsidensie kan betekenisvol verminder word deur volledige voorseisoen mediese ondersoeke waar risiko's gediagnoseer en voorkomend opgetree word. Die fisioterapeut konsentreer op sportgeoriënteerde terapie en rehabilitasie. Die biokinetikus is verantwoordelik vir sekondêre rehabilitasie van beserings. Die volgende lid van die span is die sportwetenskaplike. Die sportwetenskaplike is verantwoordelik vir oefenprogramvoorskrifte.

Hulle werk die periodiseringsiklusse (buite-seisoenfase, voor-seisoenfase, kompetisiefase en aktiewe rusfase) van die onderskeie sportsoorte uit. Die sportsielkundige konsentreer weer op spanbou en motivering. Die insette van die dieetkundige is gerig op sportspesifieke diëte, gewigsverlies en algemene leefstylverandering. Die laaste dissipline is dié van die visie-spesialis, wat aandag skenk aan aspekte soos oogspoed, diepteskatting, oogsoepelheid, fokusvermoë en periferiese bewustheid.

Dr Sherylle Calder, wat internasionaal as 'n uitstaande sportwetenskaplike in visuele toetsing en visuele oefening van hoë-prestasie sportpersone beskou word, is by die Instituut betrokke. Tans is daar twee biokinetici en twee sportwetenskaplikes wat voltyds werksaam is in die Instituut. Die ander dissiplines is op 'n deeltydse basis beskikbaar.

Kruisies trek is 'n saak van belang

Gerhardt Nieuwoudt

Iets waarna sommige seuns byna hul hele lewe lank uitsien, is die reg om te stem.

Verskeie matriekleerders aan Grey Kollege Sekondêre skool het met die pas-afgelope verkiesing hul reg om te stem uitgeoefen. Sowat vyf-en-sewentig persent van dié seuns was dit eens dat die verskillende partye hulself en hul doelwitte suksesvol aan die publiek oorgedra het.

Vir 'n kieser, wat verkies om anoniem te bly, was dit 'n lewenservaing om te kon stem. "Alhoewel daar 'n lang ry was en die stembrief kort en klein, het ek 'n warm gevoel binne-in my gekry toe ek my stem vir die party wat ek ondersteun, laat tel," sê hy.

Vir nog 'n leerder wat nie sy naam genoem wil hê nie, was dit 'n saak van trots om te kon stem en om te wys dat hy die werk van die party wat hy ondersteun, goedkeur, al het hy geweet hul kanse om die verkiesing te wen, is skraal. Baie van dié jonge here voel dat hul beslis weer sal stem omdat dit tog 'n klein verskil maak. Vir andere was dit egter noodsaaklik dat die huidige regering nie die land met 'n twee-derde meerderheid regeer nie.

Alhoewel sommige jangroentjies negatief voel oor die uitslae van die pas-afgelope verkiesing, is daar darem diegene wat positief voel oor die uitslae en sal hul beslis in die toekoms weer hul kruisie in die uitverkore blokkie gaan trek.

Reünie is werklik ‘n Lewende Erfenis vir Grey

Na stigting in 1884 is organisasie vir oud-leerders vanjaar 125 jaar oud

Die Reüniesaal is die Reünie se grootste geskenk aan die skool. **Foto: Argief**

Wimpie Greyvenstein

“In ons verlede lê ons krag”, weerklink ons skoollied ewig voort. Vir 125 jaar lank is die Reünie besig om 'n bydrae te lewer vir hul alma mater, want soos ons almal weet: “Die tyd op Grey vlieg, maar herinneringe bly vir 'n leeftyd!”

Die destyds unieke organisasie het aan die einde van die 19de eeu begin om oud-leerders te verenig. Waar hul lede somtyds moeilike omstandighede beleef het, is hulle met feestelike maaltye gelaaf en het die hegte broederskap bly voortleef.

Die koms van die 20ste eeu het verdere probleme vir die land ingehou met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog en die groot depressie daarna. Nie dié oorlog of die Wêreld-oorloë wat later gevolg het, het die Reünie tot stilstand laat knars nie. Hy het deur die Grensoorlog en met die koms van 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse politiek aangehou om herinneringe te bewaar en sodoende die gees en tradisie van die skool te laat voortleef.

Die Reünie het ook verskeie finansiële bydraes tot die skool gemaak. Hulle het geld ingesamel vir die bou van 'n skoolsaal. Die Reüniesaal is in 1929 opgerig en vier ook later vanjaar sy 80ste bestaansjaar. Dit is net een van vele voorbeelde van die Reünie se finansiële betrokkenheid. Sommige oud-skoliere dra ook finansieel by tot die sukses van behoeftige Grey-seuns.

Grey Reunie 125

| The Living Legacy |

Die doel van die Reünie is om oud-Grey’s betrokke te kry om die skool so veel as moontlik te ondersteun. 'n Tekort aan fondse vir spesiale projekte bly soms 'n struikelblok en die Reünie werf deurlopend borge. Die Reünie het in die eerste kwartaal vanjaar 'n fondsinsameling geloods waarmee 'n onderdak-sportsentrum vir die skool opgerig gaan word. Dit sal onder andere meebring dat verskeie sportsoorte ook tydens swak weersomstandighede ongehinderd kan voortgaan.

Daar verskyn ook binnekort 'n boek oor die Reünie, getiteld “'n Lewende Erfenis”. Dié monumentale werk is die afgelope 7 maande geskryf deur mnr. Nic Fryer, wat 32 jaar lank onderwyser by Grey was. Volgens mnr. Fryer is die Reünie onskeibaar deel van Grey en is dit daar om die etos, tradisie en individualisme van die skool te bewaar in 'n era waar die staat na meer beheer in skole streef. Met die skryf van die boek het hy besef watter sentrale rol die Reünie speel om Grey te help maak wat hy wel is.

Gedurende Oktober vanjaar sal die normale klasreünies en ander funksies vir oud-leerlinge ‘n besondere karakter hê. Die twee skole sal ook by die feesvieringe betrek word, want hulle is uiteindelik die grootste ontvangers van Reünie-projekte om van Grey ‘n beter skool te maak.

Die grootste Reüniedinee na 2005 word op 9 Oktober in die vooruitsig gestel.

Battle for stomachs heats up

Paul Saaiman

Home is where the heart is and the way to a man's heart is through his stomach. Our school grounds is now host to more than one watering hole, so Stabilis set out to see where the boys' hearts truly lie.

Each of the two has certain traits or characteristics going for them in the way of gaining the boys' favour and money. The Tuck Shop, seeing as it has been around more than a century longer than the recently established Grey Together, has had plenty of time to adapt and adjust itself to suit the boys' needs.

One of the most prominent needs expressed by the majority of boys is perfectly expressed by Jhanus Theron, “We need a place where we can kick back and relax between Maths and Science”'. This is the Tuck Shop in a nutshell. In terms of seating and space; at one side of the Fischer garden, several garden benches and tables are well-positioned, unofficially granted to the grade 10's. Bordering that, the lush, evergreen grass belongs to the grade 11's.

Then we arrive at the area to to stay away from (for the ordinary Grey boy) - the area at the southern side of the Tuck Shop and around the memorial stone. This area also includes the wooden benches on the Tuch Shop ‘stoep’. This is the domain given to those who have achieved matric status. On the inside are a few more free-for-all school tables.

Another factor contributing to the Tuck Shop's success is the pool table and table tennis table available. It gives the boys something to do and helps them to blow off some steam. In the winter months, a steaming urn stands ready for anyone who wishes to make a hot ‘cuppa’. Next to the wall, the television shows whatever sports the SABC channels have to offer, which does not necessarily mean many options. Behind the counter Mrs. Hilda Rudd stands smiling, waiting to quickly provide you with your choice of the vast spread of different sweets, drinks and other foodstuffs available. All these things contribute to make the Tuck Shop a haven for and favourite of the boys.

Grey Together, on the other hand, has cleverly recognized a large gap in the market and rushed in to fill the void. They have now settled themselves as the Tuck Shop of many of the teaching staff and parents of Grey College. Mr. Pieter Wessels expresses himself as follows, “The Coffee Shop is more convenient for some of the parents and teachers, a bit more commercial and within easy walking distance. I still prefer the charm and variety of the Tuck Shop, however”.

Between classes, after and before school, the Coffee Shop sees to the needs of the teachers that have a period off, need a quick breakfast or need to discuss some work with their fellow faculty members. Parents who await the school's final bell can do so over a light meal and warm cup of coffee. One of the Coffee Shop's main selling points is availability. Merely a hop from the Primary and Secondary School's classes, teachers can grab a cup of coffee between sentences. Mr. Johan Volsteedt is also a dedicated supporter of Grey Together, often preferring it to his office for meetings.

If you see them as competing, you're not wrong, but it truly is friendly competition; and besides, a little competition never hurt anybody. Each of these businesses operates in a niche and there is ample room for both.

Teaching time ticks away so quickly

Justin Shein

Teaching time has always been limited, but with more and more disruptions happening this past term, teachers have been hard pressed to try and finish the terms syllabus within the allocated time. This term has been no exception.

The government has allocated that 53 days of the year be used for teaching in the second term, but those 53 days does not included three public holidays and one school holiday. This effectively leaves 49 official school days in the second term of the 2009 school calendar. What also has to be factored in is that this past term Grey did not have school on one Friday in May because of an interschool to Grey College that was played on a Friday. That means that in the second term, Grey College was open for 48 school days.

Even in a time where teachers struggle to get through their syllabus, 48 days may not seem so bad. And it isn't. The problem lies in that although Grey College is open for 48 days this term, exams start well before the close of the term and this reduces the teaching time available drastically.

For the grade 12 students, exams began on the 26th of May, a month before the 26th of June closing date. The June exams therefore reduce the amount of time that teachers have to teach by 22 days (public holidays included) to a mere 27 days.

Supporter of Grey College

vodacom

Grey wys ware kleure

Grey is die maatstaf waarvolgens baie ander skole in Suid-Afrika en selfs die wêreld hulleself meet. Of dit nou op sport-, akademiese- of kulturele gebied is, streef die Grey-manne altyd daarna om die beste in daardie onderskeie gebiede te wees. Dit is juis om hierdie rede dat ons opponente ook jaar na jaar verbeter. Hulle pas hulle oefenmetodes aan, bou gimnasiums en werk daagliks harder om Grey te wen. Hulle probeer Grey na-aap in die hoop dat hulle op ons standaard sal kom. Ongelukkig is dit nie so maklik om die Grey-trein in te haal nie.

So het die seuns van Hoër Jongenskool van die Paarl gou agtergekom tydens hulle interskool teen Grey. Hulle het voor hulle aankoms in Bloemfontein e-posse en briewe onder mekaar versprei waarin hulle gesê het , 'Grey is net 'n kleur'. As dit maar net waar was sou hulle dalk as oorwinnaars uit die stryd getree het. Die Grey-manne het egter bewys dat Grey nie net 'n kleur is nie, maar 'n leefwyse. Grey is 'n manier van dink en doen wat wat respek en gesag op 'n nederige manier afdwing. Dit is plek waar waardes, trots en respek gekweek word by jong manne,waar dit nie saak maak of jy wit of swart is nie, solank jy net Grey is. Grey is die baanbreker van die Suid-Afrikaanse seunskole, maar vir hoe lank nog? Hoe lank nog voordat ons ons greep verloor en nes die ander skole word?

Is die Grey-suksesresep volhoubaar in 'n wêreld waar morele verval aan die orde van die dag is? Dit is beslis! Solank ons by ons waardes bly en onthou waar ons krag vandaan kom. Niks wat die moeite werd is in die lewe kom verniet nie, ook nie sukses nie! Ons kan nooit rus nie, nooit gaan lê en nooit stop nie. Want die wat rus maak nooit klaar nie, die wat lê kom nie voor nie en die wat stop kan nie wen nie.

Al kruip ons oor die doellyn sal ons nie tou-opgooi nie. So, wees op jou hoede vir die dag wat die Grey-trein kom, want Grey is nie net 'n kleur nie!

BRIEWE/MAIL

Nat weer demp mos nie die gees nie!

Graag wil ek julle gelukwens met julle PUIK prestasies die afgelope naweek by Selborne. Daar is 'n hele paar oud-Grey's hier in Oos-Londen en amper almal van hulle was die afgelope naweek langs die velde tydens die interskool.

Julle laat ons oud-Grey's se harte sommer weer warm klop van trots. Dit is egter nie net die goeie vertonings van die sportspanne wat ons trots en gelukkig maak nie, alhoewel die eerstespan se puik wen van 33-0 'n mens laat lekker voel. Die groot trots is vir ons dat julle nie in die reën opgespring het om skuiling te gaan soek nie, maar aangehou het om die skool van jul trots te ondersteun.

Dit sê nogal iets om aan te hou sing in sulke weersomstandighede. Julle maak ons regtig trots op ons alma mater. Daar is werklik net een skool soos Grey. Dit is sulke betrokkenheid en deursettingsvermoë wat maak dat Grey steeds anders bly. Dit maak dat Grey altyd een tree voor die res bly. Ons wens julle sterkte toe vir die res van die seisoen. Vive la Grey!

Oos-Kaap groete

Willem Bosch

Redaksielys 2009

KERNREDAKSIE

Hoofredakteur: Johann du Preez
Subredakteur: Sport - Hennie Prinsloo
Subredakteur: Nuus - Bruno Schwalbach
Subredakteur: Diepte - Justin Shein
Subredakteur: Joernaal - Willem Boshoff
Subredakteur: Kultuur - Franco Swart

NUUS
Francois Venter
Nicolaas Pienaar
Paul Cloete
Harry Vogel
Wimpie Greyvenstein
Christoff Odendaal
Melo Mtombeni

SPORT
Juan Hugo
Marius Myburgh
William Small-Smith
Petri Claassen
Henri Brummer
Simon Sonnekus
Helgard Claassen
Phil Boshoff

DIEPTE
Ricardo Barreto
Paul Saaiman
Gerhardt Nieuwoudt
Léhan Bloemhoff
Wijbren Nell

KULTUUR
Jakobus Booysen
Altus Moolman

JOERNAAL
Edward Ellis

KUNSTENAARS
Johann du Preez
Phil Grimbeek

FOTOGRAWE
Johann du Preez
Jandré Germishuizen
Tim van Biljon
Reitz Rabie
George Briedenhann
Louis Möller

Stabilis

Contact STABILIS at:
P.O. Box 13001, Brandhof, 9324
or e-mail: post@gc.co.za

Na 20 jaar bly die Stabilis steeds 'n plesier

6 Cokes is egter dalk te min om mnr. Pieter Wessels krag te gee

Johann du Preez (links) en mnr. Pieter Wessels word omring deur welbekende voorraad in die Tuck Shop. **Foto: Reitz Rabie**

Johann du Preez

Hoekom het meneer 'n onderwyser geword as meneer 'n rekenmeester kon word?
Ek geniet dit om met mense te werk. Ek geniet dit om vordering te sien en het waardering vir positiewe terugvoer.

Hoe lank is meneer al betrokke by die Stabilis?
Al sedert 1990, met ander woorde, amper 20 jaar.

Waar kom meneer se passie vir die koerant vandaan?
Ek geniet eintlik enige iets wat kreatief is, anders as die gewone. Dit is lekker om die resultaat te sien.

Dink meneer Grey is 'n akademiese skool?
Natuurlik! Maar ons weet almal dat daar baie ander dinge gebeur.

Wat dink meneer van die kamera's op die terrein?
Kamera's? Watter kamera's?

Wat is vir meneer die lekkerste ding om te doen as meneer nie by die skool is nie?
Die see of die berge. Ek geniet albei ewe veel.

As meneer vir 'n dag met 'n ander onderwyser van Grey se lyf kan rondloop, met wie s'n sal meneer dit doen?
Mev. Hancke! Kyk hoe lyk sy op haar ouderdom! En niks pla haar nie.

Waarvoor is meneer bang?
Nie veel nie. Ek vat maar dinge soos dit kom. 'n Mens pas redelik vinnig aan wanneer jy nuwe uitdagings die hoof moet bied.

Wat weet niemand by Grey van meneer nie?
Ek is baie kunstig en het drama en toneel gedoen vir die SAUK (SABC) radio en televisie.

Wat gaan deur meneer se kop wanneer meneer die matrieks se rekeningkunde vraestelle moet merk?
(Vloekwoord) Ek haat merkwerk. Dit is uiters frustrerend.



Gunstelinge:

Boek: *Magersfontein, o Magersfontein (Etienne Leroux)*

Fliek: *'No country for old men'*

Kos: *CCC (Coke, Chocolate en 'n Chutney tjippie)*

Quote: *What's up?*

Grey Reunie 125
| The Living Legacy |

Old Grey

Web page: www.greycollege.com



Tribute to a remarkable gentleman

Ignatius Stephanus Ferreira - Grey scholar and teacher

Edwin Grant

The many hand-written notations in the Bible of Oom Natie Ferreira bear testimony to a true believer. Natie, an outstanding academic, devoted family man and sportsman, had an unbounding zest for life and an unending passion for Grey.

Born in Aurora near Porterville, on the 18th January 1912, he matriculated at Grey in 1928 and obtained a B.A.-degree at Stellenbosch in 1931. He subsequently obtained a Masters degree in both English and Afrikaans at the Grey University College. He taught at Paarl Gimnasium before accepting a post at Grey in 1937 where he remained until 1943, gaining a reputation as an innovative teacher who obtained extraordinary results from eternally grateful pupils, whom he inspired to achieve more than they thought possible. After teaching at several schools he was appointed as a lecturer in the English language at the University of the Orange Free State, where he likewise obtained remarkable results with his students.

As a sportsman he swam and represented Grey in rugby and was a front row forward for the University and Free State senior side in the years 1934-1936. Added to this, he was an astute and successful coach and administrator of boxing and athletics.

A life-long passion for words and the literary heritage of both the English and Afrikaans languages saw his bookshelf littered with the works of many well-known authors such as C. Louis Leipoldt, Robert Louis Stevenson and Shakespeare.

Natie married Gerty Steyn in 1937 and they were blessed with six children. Two of his three sons, namely Natie (1963), his namesake, who played for the First XV and Anton (1972) were at Grey.

With the passing of his beloved Gerty in 1999 he became much of a home bird, declining many an invitation to numerous social and Grey functions, yet welcomed visitors who would find him with a book beside his chair. In response to the buzzer rang at 32 Donald Murray Avenue, a familiar voice would ring out, "Met wie praat ek?" Having spent many hours in conversation with Natie, his parting words were always, "Ek is so dankbaar dat jy vir die ou man kom besoek het."

The esteem and high regard in which he was held by all of Grey resulted in this legendary Grey gentleman being elected an Honorary Member of the Reunie in 1994.

A truly meaningful life well-spent ended on 22nd February 2009. The Grey family will miss Natie.

One of Natie's favourite pupils, Manie Maritz (1943) a tough as nails professional wrestler of the 1950's, presenting a copy of his book "Bloed en Sweet" to Natie Ferreira.

Photo: Ferreira Family

Tubby was the bravest of the brave

Edwin Grant

The articles concerning the war experiences of Old Greys such as Sergeant A.N. 'Tubby' Goldman are recorded in the extremely well-documented 125 year Reunie book, soon to be released. He was described by John Smallwood, officer in the Imperial Light Horse in 1942, as without doubt one of the toughest and bravest men in the SA Army. At Grey he began a lifelong association with the Boy Scouts and at the age of 16, he saved three girls from a burning shop and was awarded the *Pathfinders Bronze Cross for Bravery*. In 1940 he joined the Defence Force and became a Sergeant in the Intelligence Unit of the Royal Durban Light Infantry and found himself in the siege of Tobruk. Tubby and two others escaped and spent 10 days behind enemy lines.

On 25 June they found an abandoned enemy truck and rested in its shade. At midday a Mark IV German tank drew up and five Germans got out and approached the truck. Three of the Germans were shot by Goldman and Borain and one escaped. They let the fifth one go and got involved in further skirmishes in which Goldman broke two ribs. Tubby was awarded the *Distinguished Cross Medal for Bravery,* next highest to the *Victoria Cross*. In Italy he was wounded in the forehead, but before he collapsed he took a number of troops to safety in his truck. Eventually, Tubby received six other campaign and service medals. In 1982 he became one of the first civilians to receive the *Star of South Africa*.

Sadly while Captain Goldman was on his way to a reunion dinner of DCM recipients to be held in Windsor Castle he collapsed and died peacefully on 19th September 1985.

Hulle doen alles vir volk en vaderland

Edwin Grant

Japie Greyling, wat na die Boere-oorlog by Grey aangekom het, het voor 'n Britse vuurpeloton geweier om inligting oor sy pa, wat op kommando was, te gee "Ik sal niet seg".

Sy heldedaad en vele meer stories van oud-Greys wat aan dié stryd en Wêreld-oorloë deelgeneem het, is opgeneem in 'n boek oor die geskiedenis van die Reünie, wat binnekort gepubliseer gaan word.

In die geval van die Anglo-Boere-oorlog en Eerste Wêreldoorlog is nie veel oor die betrokkenheid van Grey en sy skoliere geboekstaaf nie. Dit dien egter gemeld te word dat die legendariese vlieënier Pierre van Ryneveld (KBE, CB, DSO, MC) tot ridder beslaan is. Hy was Hoof van die SA Lugdienste in 1920 en in 1933 die Hoof van Generale Staf.

Slegs twintig jaar later het baie oud-skoliere asook personeel van Grey by die weermag en lugmag aangesluit tydens die Tweede Wêreldoorlog. As gevolg van die dood van sy vlieënierseun, Ian op 28 Oktober 1943, het Jock Meiring 'n omvattende boek uitgereik waarin die name van meer as 1000 oud-Greys, wat in die Tweede Wêreldoorlog gedien het, opgeneem is waarvan 73 die hoogste prys betaal het.

Die annale van die skool en Reünie getuig van etlike persone wat die hoogste sport in die weermag bereik het, onder andere Laurens van der Post CBE (1924) wat tot ridder beslaan is, Harry "Kalfie" Martin CBE, DFC (1928) wat Hoof van die Lugmag geword het en rugby vir Suid-Afrika gespeel het en Kolonel S.A. Melville wat in latere jare Kommandant-Generaal van die weermag geword het.

In 1951 is vlieënier Dennis Earp (1947), seun van onderwyser Hudson Earp, gevange geneem in Korea en in 1953 vrygelaat. Kort voor sy uittrede as Hoof van die Lugmag in 1988 is die Orde van die Ster van Suid-Afrika (militêr) aan hom toegeken.

Robert "Bob" King (1956), die leier van die Suid-Afrikaanse Lugmag Silver Falcons akrobatiese span, het as Direkteur van Intelligensie van die Lugmag gedien.

Weens die beperkte uitgawes van Stabilis word die jongste nuus aan e-posadresse beskikbaar gestel en kan daar na die webblad www.greycollege.com verwys word.

Arrogance can decimate the spirit of success

Amazing results can lead to a climate of complacency and inflated egos



Spirit is the cornerstone of Grey College and also the reason that they are a cut above the rest.

In recent years Grey has seen a decline in this precious attribute, mainly due to the ill-discipline and don't-care-attitude of a handful of its learners. This year's matric class has revived the spirit of the school and restored the pride and honor with which they serve Grey College. Hall periods are filled with energy and intense singing. The hostels are once again a united front that truly care for the school. The school as a whole has promoted school spirit to that of earlier glory days, which were in all honesty a distant memory before the turn of the year.

With all this wonderful spirit, Grey College has achieved some amazing results against top schools in South Africa. No one can argue that this "spirit" is truly a positive attribute. But, alongside this exhilarating spirit there is a certain negativity that has risen from the ashes, something that Grey College has never been known for.

Grey gentlemen have become complacent and arrogant. At the recent inter school with Afrikaans Hoër Seunskool, Grey "gentlemen" taunted the opposition and made a mockery of the opposing team's score. As they (Affies) finished one of their songs to challenge the College, the whole of Grey chanted in a fashion which is not that of Grey gentlemen, "Look at the scoreboard." This is unacceptable. Affies did not make fun of Grey College the previous evening, when they taught Grey a cultural lesson at the inter-cultural evening.

This is what Grey gentlemen have amounted to: complacent, arrogant snobs who think that they are unbeatable. In the book "From Generation to Generation" Dr. Frans Barker, who matriculated in 1970 and received the Dux medal, writes the following, "Some might think that showing respect for your fellow human being simply means having good manners. It is not that simple. What it does mean is to stand up for the principles of respect, however difficult it may be."

Another problem that needs to be addressed is the fact that some boarders have become ill-mannered fools. While the first rugby team, which includes the school captains and prefects, was away on a tour to Windhoek, trouble ensued at dinner one evening, showing utmost disrespect to the teachers on duty. Boys will be boys and everyone found these antics hilarious, but after serious thought given to the matter, the boarders decided that this behaviour is totally against the ethos of Grey College. As they say in Afrikaans, "As die kat weg is, is die muis baas."

If these negative trends continue at the College, there will be major repercussions: Grey College too will become a school of mediocrity. All the Grey gentlemen should remember the words of Dr. Frans Barker, so that Grey College can truly be a school of Grey gentleman.

There is no place at this great institution for arrogant snobs!

www.bloemwater.co.za

POWERED BY PVM NUTRITIONAL SCIENCES®©

aKing is die koning van hulle eie troon

Willem Boshoff

aKing is 'n Engelstalige musiekgroep van Bellville, waarvan al die lede egter Afrikaanssprekend is. Die groepslede is Laudo Liebenberg (voorsanger en hoofkitaar-speler), Hunter Kennedy (ritmekitaar-speler), Hennie van Halen (baskitaar-speler) en Jaco "Snake" Venter (tromspeler). Hunter en Snake is ook in die Afrikaanse groep *Polisiekar,* terwyl Kennedy ook in die elektroniese groep *Die Heuwels Fantasties* baljaar.

Die groep het in November 2007 ontstaan en het in 2008 met hul eerste ateljee-opname, *Dutch Courage,* vorendag gekom. Dit is deur musiek-kenners geprys as een van die beste rock-uitreikings van 2008. Bekende snitte van die album is *"The dance"* en *"Safe as houses".*

Hulle het nie doelbewus verengels nie, maar Laudo, wat meeste van die liedjies skryf, se gedagtes het maar nog altyd die beste in Engels rondgedwaal! Dit maak ook vir hul meer deure in die buiteland oop as mense kan verstaan wat hul sing. Die manne het beslis nie gesit en wag vir beter dae nie en het na *Dutch Courage* onmiddellik aan die werk gespring met hul tweede album *Against all Odds,* wat in Mei 2009 vrygestel is. "Die voltooiing van *Against all Odds* is natuurlik 'n groot ding. Dis altyd moeilik om 'n tweede album te maak as gevolg van mense se verwagtinge", sê Laudo. Met *Against all Odds* het die manne hulself dubbel en dwars bewys. Hou beslis jou ore oop vir die snit *Love your neighbour* of haas jou eenvoudig net na die naaste musiekwinkel!

Cheers vir eers...

Twilight is passie op die silwerdoek

Edward Ellis

In die misterieuse film, *Twilight*, verhuis die beeldskone 17-jarige Isabella "Bella" Swan (Kristen Stewart) van Phoenix, Arizona na die reënerige Forks, Washington waar sy by haar pa gaan bly terwyl haar ma rondrits saam háár nuwe liefde.

Na Bella se eerste dag by haar nuwe skool sit sy langs die aantreklike en bleek Edward Cullen (Robert Pattinson) in die klas. Totdat Bella uitvind dat Edward 'n bloeddorstige vampier is en dat hulle verhouding haar lewe in gevaar stel. Sy besef ook dat hulle verhouding nie net maanskyn en rose gaan wees nie.

Stephenie Meyer is die skryfster van die *Twilight*-reeks. Die reeks bestaan uit die vier romans - *Twilight*, *New Moon*, *Eclipse* en *Breaking Dawn*. Stephenie Meyer het hierdie suksesvolle roman-reeks in 2005 gepubliseer.

Die film is onlangs vrygestel in Suid-Afrika en het opslae gemaak onder die jeug. Die regisseur van *Twilight*, Catherine Hardwicke, slaag daarin om die boek en film soortgelyk uit te beeld en met dieselfde oortuiging en passie die film oor te dra. *Twilight* - die film - kry 7 uit 10 en *Twilight* - die roman - kry 'n stewige 9 uit 10.

Musiektalent dien stereotipes finale nekslag toe

Kultuurfees tussen Grey en Affies word 'n hoogtepunt op jaarlikse kalender

Franco Swart

"Daar was geen geweld nie en al wat lewe en groei het stil geluister
na die vol musiek wat aanswel, na die ritme van die jaargetye..."

C.M. van den Heever som in sy gedig, Musiek, die agtste Grey-Affies Interkultuurgeleentheid, wat hierdie jaar by Grey plaasgevind het, met hierdie woorde uiters gepas op; so asof hy in die polsing van die jaargetye die gebeurtenis se musikale uniekheid kon voorspel.

'n Fees van talente wat op 'n baie hoë vlak funksioneer het, is ten aanskoue van 'n byna volgepakte Eeufeessaal ten toon gestel toe die twee topskole, Grey Kollege en Affies van Pretoria, hul kragte tydens die jaarlikse Interskole saamgesnoer het. Elke groep het met hul besondere aanslag 'n fees van bogemiddelde items tafel toe gebring. Waar seunskole so dikwels gestereotipeer word as eensydig, sportgerig, was hierdie twee skole se musiektalent onbetwisbaar. Hierdeur is bewys dat seuns voor soveel mense hul man kan staan.

Die Indomitus-sanggroep het, soos gewoonlik, 'n optrede van hoogstaande gehalte gelewer. **Foto: Emma Booysen**

Affies het vroegoggend met 119 koorlede in drie busse uit Pretoria vertrek om saam met 92 Grey-musiekmanne op te tree. Die Affiekoor het onder leiding van Hannelize du Plessis 'n uitstaande vertoning gelewer sodat hulle die gehoor op hul voete gehad het. Die groep se repertoire-keuse was besonder goed en hulle het met 'n kragtigheid gesing wat daarvan getuig het dat elkeen die musiek verstaan en dit daarom met groot oorgawe geniet het. Nege Grey-groepe, bestaande uit die Koor, Indomitus, Marimbas, Strykensemble, Stabilis Boereorkes, Grey Boereorkes, Gumboots, Grey Band en Grey-Sentraal orkes, asook vier Affies-groepe, naamlik die Affie Swing Ensemble, Konsertorkes, Simfonie-orkes en Koor het die gehoor vir twee volle ure met opwindende moderne, tradisionele en klassieke klanke vermaak.

Hierdie Interkultuur met Affies was 'n getuigskrif van urelange werk deur toegewyde leerders en onderwysers -

"... so het ek diep geluister hoe wêrelde in wêrelde vloei en kring en God deur alles as ritme Sy hoogste himne sing."

CM van den Heever

Colourblind records debut CD

Altus Moolman

Colourblind never ceases to amaze us here at Grey College. With their deep tone and unique sound, they were the obvious favourite to win the national *"Rockspaaider"* competition. This meant that they won the opportunity to record a debut album and a music video, worth R90 000.

The album, *'My Indentiteit'*, was recorded in Pretoria at *'One Big Room Studios'*. It was produced by Tony and Ludwig Bouwer. The album consists of 8 tracks, all written by the band. The first track to be released, as well as there first music video, will be *'My Identiteit'*.

"It's about knowing who you are, and maintaining your identity, even when it is difficult at times," said Tshepo Mokoena, when asked about the inspiration for the album. The album artwork was designed by A.B. Kok. It consists of two hands, black and white, held together by handcuffs. "It doesn't matter what race you are, we all have our own identity." The band consists of Tshepo Mokoena, Bernard Britz, Franco du Toit, Dale Hawkins, Ruan van der Merwe and Kevin Kok. They have twice before been the opening act for the well-known Afrikaans rockers, *Straatligkinders*.

For any further information on the CD and the band, visit their Facebook page.

Kunswedstryd-sukses is nie onverwags

Jakobus Booysen

Wie het gesê Grey-boytjies kan nie musiek maak nie? Hierdie jaar is daar vuur in die Musiekdepartement van Grey Kollege, en dit word net weereens bevestig met die uitmuntende uitslae na afloop van die jaarlikse Vrystaatse Kunswedstryd.

Die Vrystaatse Kunswedstryd-vereniging (VKV) bestaan reeds sedert 1921. Dit het ontstaan uit 'n behoefte om die uitvoerende kunste te bevorder en vir die uitbou van die Afrikaanse kultuur. Verskeie bekendes in kultuurkringe was deur die jare nou betrokke by die VKV. Die Kunswedstryd het plaasgevind gedurende Mei 2009. Vanjaar is die Kunswedstryd 'n rype 44 jaar oud.

In totaal was daar amper vyftig inskrywings in 'n groot verskeidenheid van kategorieë. Die Grey-deelnemers het nie op hulle laat wag nie en verskeie uitstaande prestasies is gelewer. Die Grey Band behaal 'n A-simbool, die Grey Ensemble 'n A+, die Grey Koor ook A+, albei die Grey Boereorkeste A+ en Indomitus 'n welverdiende A++.

Die standaard wat gelewer was, was uitstaande en elke Grey-musiekleerder kan baie trots wees op die resultate op hul harde werk oor 'n lang tydperk.

Hierdie jaar het die Musiekdepartement besluit om hulle beste te lewer, en ons kan dit oral sien. Grey is die beste skool, en daarom gee die musiekleerders hulle beste, sodat ons is alles die beste kan wees!

Die musiekafrigters se harde werk en noue betrokkenheid kan nooit gering geag word nie. "Saam maak ons musiek in harmonie".

ITEC
QUALITY PEOPLE, SMART DOCUMENT SOLUTIONS

Copy, Print, Scan, Fax, Telecoms, Intercoms,
CCTV, Generators, Toner, Paper and Stationary.

ITEC Free State
14 CP Hoogenhout Street, Langenhovenpark, Bloemfontein
Tel: +27 51 446 2440
Web: www.itecgroup.co.za

China plays host to enterprising College team

First table tennis team learns from the best in country of immense diversity

William Small-Smith

Grey's first table tennis team toured to China during the March holidays, where they trained and played at the very highest level.

"I must admit that we still have a lot to learn, these Chinese play like small robots", says Mrs. Benita Hancke, who accompanied them. "In Shanghai we attended a table tennis school in which a lot of the guys seemed interested in, because their timetable suited them quite well."

"Every morning we had an intense training session of about three to four hours, where we had the privilege of learning from a table tennis master, a certain Mr. Whung, who is coaching the current number two player in the world. We also went sightseeing all over China, visiting The Great Wall, The Forbidden City, The Summer Palace and The Beijing Olympic Stadium."

"The Grey guys must have felt at home there in that huge stadium, because that is where stars are made and formed," says Ronald Peterson, Grey's number one table tennis player. "Sadly Ronald was not able to go on that tour, but we are planning another tour for the near future," says Mrs. Hancke.

In the near future Grey might also be seeing their own star-making stadium when the Reunie's dream for an indoor sports centre is realised. "In Shanghai we trained in centres so big, it could take fifty-six table tennis courts at a time, while our centre only takes four courts. We hope to be able to accommodate ten courts in the new centre."

Currently Grey's table tennis side is undefeated, with no school stepping up to the challenge. "We hope to apply our newly learned skills when we play in the Western Province Club Championship, where South Africa's top players will be performing."

In the Bloemfontein league, Grey is still scheduled to play Tsotsoletso and Petunia. "We hope to finish this year with our senior and junior team winning their divisions", says Mrs. Hancke. Inter schools with Grey Port Elizabeth, Glenwood, Pretoria Boys High and then Paul Roos are still expected next term. "We hope that our performance will earn us the honour we deserve!"

At this moment nothing seems to be able to stop Grey, whether the sport is played with small balls or bigger balls. People must realise that when playing against Grey College, they are playing a school that plays ball, whether it's rugby, hockey, squash, tennis or table tennis, they play ball with steel balls!



Sebala Kabi, Mrs. Benita Hancke, Ziyaad Issa, Reeza Seedat, Zain Zakhura and Jaco de Swardt on the well-known Great Wall of China. **Photo: Supplied**

WIEHAHN

PROUD SPONSOR OF
Grey College Rugby
Leaders in formwork & scaffolding technology

Don't delay. Phone OUTsurance today to experience hassle-free insurance cover.

OUTSURANCE
08 600 60 000
Please visit our website at www.outsurance.co.za
OUTsurance is an authorised financial services provider.

Puik atlete presteer plaaslik

Marius Myburgh

Die afgelope paar dekades het Grey Kollege skitterende atlete gelewer. Name soos Jaco Reinach, L.J. Van Zyl en vele meer, wat stof in hul teenstanders se gesigte skop. Met beter afrigting en tegnologie het Grey die afgelope paar jaar nog meer top-atlete ontwikkel.

'n Paar van Grey se atlete het die afgelope April-vakansie aan die SA Skolekampioenskappe deelgeneem en skitterend presteer. Van die atlete wat uitgesonder kan word, is onder andere Sean de Klerk, Rynhardt van Rensburg, Charl Grobler, Pieter Marx en Christiaan Opperman. Pieter Marx het aan Stabilis gesê: "Ons kan meer oefen en ander minder belangrike verpligtinge, behalwe natuurlik skoolwerk, langs die kant laat sit." Van die dertien atlete wat die provinsie verteenwoordig het op die SA Skole en ASA se nasionale byeenkomste het vier vir nasionale spanne gekwalifiseer om deel te neem op internasionale vlak.

Drie van Grey se atlete is in die span wat in Junie aan die "Southern Region Youth Championships" in Windhoek gaan deelneem. Sean de Klerk (100m) en Charl Grobler (Diskus) is reeds ingesluit in die Suid-Afrikaanse span wat aan die "6th IAAF World Youth Championships" in Bressanone (Italië) gaan meeding teen die wêreld se beste jeug-atlete. Die byeenkoms vind plaas gedurende die Junie-vakansie. Rynhardt van Rensburg het gelukkig nog 'n kans in Windhoek om te probeer kwalifiseer vir dié span.

Pieter Marx is ingesluit in die "African Junior Championships"-span wat later vanjaar in Mauritius gaan deelneem. Dié span is gekies uit die afgelope "Geel Bladsye"-span wat aan die Suid-Afrikaanse Jeug en Junior Byeenkoms deelgeneem het wat vroeër vanjaar in Pretoria plaasgevind het. Pieter het tydens hierdie byeenkoms eerste gekom in die 400m.

Professionele en wêreldbekende afrigters kan maar gerus hierdie vier atlete in die toekoms dophou. Dit wil voorkom of hulle in die spore van L.J. kan volg.

Bruno Schwalbach gets Protea colours

Phil Boshoff

The sport of karate - an age-old discipline which is currently growing at an impressive rate. But how does this sport fit in at Grey?

Well, there are currently an impressive number of Grey boys participating in karate. Many of these boys practise at Kovsie Karate, situated at the University of the Free State. There are also many Grey boys who are interested in karate and often go to the tournaments as spectators.

It is not only Grey, but the entire nation that is experiencing a growing interest in karate. "Karate has become very popular in recent times due to the excitement of the sport and the fact that you can train it for life. The prospect of it becoming an Olympic sport, adds to the growing numbers," says Bruno Schwalbach, recently a recipient of national colours in karate.

One might think: Why would anyone want to practice so hard and so long and perhaps not even achieve anything? Even though you do not achieve anything tangible, or anything to hold up, or hang around your neck, doesn't mean that you have wasted your time. You still achieve the qualities that are instilled in you when you practice karate - qualities like discipline, serenity, calmness, determination and mental strength.

There are lots of things to consider about karate. But when it comes down to it, you must always remember that every fight is different and challenging - that it requires a combination of physical and emotional strength.

Soccer team visits origin of football

Grey boys tour the Netherlands, Belgium and France

Henri Brummer

We're leaving the sunny skies, land of boerewors and family, we're off to the birth place of the football Gods - Europe...

These were the last thoughts that went through the minds of 18 first team football players as they left Oliver Tambo International Airport at the start of the March holidays. They were accompanied by their coach Nicholas Koupis, assistant coach Mr. R. de Freitas and Mrs. de Freitas, as well as the manager Mr. Ludwig Koekemoer.

The flight went over Africa and the Alps, and left the boys exhausted. They arrived at the Schipol International Airport in Amsterdam and immediately played their first game against WV HEDW. The team started the tour off with a great victory of 4-1. For the first time in their lives they played on an artificial turf and experienced Holland's extreme cold. In their stay in Amsterdam the boys went on a bicycle ride and some players including JJ Groenewald and Jarred Meyer slipped and fell in the wet Amsterdam conditions. They also met a bunch of Scottish Football supporters, and found that these supporters were as passionate about their team, as the boys were about Grey.

According to Mr. Koekemoer Amsterdam is a great city and the boys saw some nice sites. Next they would face a team from Utrecht and played at a club venue, the teams finished evenly matched at 2-2. They would finally play their last game in the Netherlands against Kralingen Rotterdam Football Club, finishing them off with a good score of 3-0.

Raul de Freitas and Ricco Sutil looks through the 'A' of Amsterdam. **Photo: Supplied**

Belgium was apparently scared of our team because we only managed to find one game, against a third division team: Diegem F.C. in Brussels. We beat the league team 3-1. Off they went to France, one of the best football nations in the world. The first game took place in a town so small that the GPS couldn't even find the venue, the small town team thought they were playing Grey University and played an u/19 team against us, the team was physically stronger than the boys and we got a thrashing of 3-0.

The final game would take place in Paris, the team visited the Eiffel Tower and the Louvre, as well as other places that could actually be enjoyed, such as Euro Disney. "The French are not the most talkative people, and came across as being quite rude," said Mr. Koekemoer. The final game was to be played in Massy against de Massy F.C. We lost 3-2 due to missed opportunities. The opposition coach offered advice and was quite impressed with the style of play.

Paarl Boys High

Rugby

Eerstespan	wen	50-8
Cherries	wen	70-18
Derdespan	wen	33-7
Vierdespan	wen	17-13
o/16 A	wen	26-8
o/16 B	verloor	15-22
o/15 A	verloor	5-28
o/15 B	verloor	5-8
o/14 A	wen	17-10
o/14 B	wen	22-17

Hokkie

Eerstespan	wen	5-0
Tweedespan	wen	2-0
Derdespan	wen	3-0
o/16 A	wen	3-0
o/14 A	wen	3-2

Tafeltennis

Eerstespan	wen	7-0

Tennis

Seniors	verloor	4-5
Juniors	gelykop	3-3

Flourishing hockey impresses

Simon Sonnekus

Dating back until about 1300 B.C, when the ancient Chinese dribbled an object around with sticks, hockey has changed for the better. Here at the College hockey thrives on the senior's enthusiasm but is sadly lacking when it comes to the junior boys, where many boys are recruited to play in the lower rugby teams. This leaves fewer boys to compete in hockey and other winter sports.

The flagship of Grey College hockey, the first team, have just been moving from strength to strength. With a lot of fresh blood and several older and wiser players creating a perfect winning balance, the first hockey side have flourished in the three inter schools and several tournaments. Participating in the Nomads u/18 tournament at Pretoria Boys High, they remained unbeaten by drawing 2 matches and winning 3. Ian Finlay, Brill House prefect and vice-captain, had this to say, "Our goal is to remain unbeaten for 3 years running. We also want to pass the flaming torch of success when we leave." The youngster Dylan Swanepoel adds that "although 2 of the more experienced players were out this term, the team kept their cool and got the job done."

Graeme Bell and Berto "Gibbs" Basson have suffered mild injuries but will be ready for next term's inter schools and league games. The team also suffered a loss when long-time coach Des Donald left at the end of last year. The new coach, Braam van Wyk, has guided the team well and their success shows on the Astro.

The team is looking forward to a tough second half of the season with games such as Grey P.E., Glenwood, Pretoria Boys High and Paul Roos. "We are looking forward to tough games next term, but I'm sure when the occasion demands it the College boys will come up to scratch", says Dylan Swanepoel.

Tennisspan leer op die harde manier

Petri Claassen

Grey se eerste tennisspan het vanjaar reeds kragte gemeet met van die land se top-tennisskole. In hierdie wedstryde het hulle bewys dat hulle nog groot oorwinnings in die toekoms kan behaal.

In die twee toernooie waaraan die eerstespan deelgeneem het, het hulle goed gevaar. By die Kearsney Tennis Festival het Grey vierde geëindig. In die Gerrie Berner Toernooi, wat by Paul Roos aangebied is, het die spelers strawwe opposisie in die gesig gestaar en die sesde plek behaal. Die drie interskole het ook uitstekende tennis opgelewer. Die eerstespan het teen Selborne 9-0 gewen maar ongelukkig 4-5 teen Paarl Boys' High verloor. Die span se moeilikste wedstryd tot dusver was teen Afrikaans Hoër Seunskool waar hulle harde klippe gekou het met 'n nederlaag van 1-8.

Daar is geen matrieks in die span nie en hulle kan gedurende 2010 'n uitstekende jaar beleef. In die derde kwartaal gaan dié jong span weereens getoets word teen sterk spanne soos Paul Roos en Pretoria Boys' High. "Ek dink ons is nou besig om as 'n span bymekaar te kom en as 'n eenheid te speel. Die paar terugslae wat ons beleef het, is wat ons as individue en as 'n span sterker maak." Dit is die woorde van Grey se voorste tennisspeler, Ludik Schlebusch.

Grey se tennis het hierdie jaar baie diepte en die jonger en laer spanne presteer baie goed. Daar is aan mnr. Naresh Mahabeer gevra of daar uitgesien kan word na goeie tennis in die derde kwartaal. Sy antwoord daarop was: "Ja verseker, die span groei nog en hulle het nog nie hulle volle potensiaal bereik nie."

Official sponsor of Grey Sport

Clover
It's all you need

Stabilis
SPORT
Web page: www.gc.co.za/stabilis

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Eerstespan bly onkeerbaar

Sterk interskool-opponente word deur onoorwonne span uit die pad gevee

Juan Hugo

JJ de Klerk, uithalervleuel van die Cherries, was een van sy span se groot uitblinkers in hul oorwinning teen Afrikaans Hoër Seunskool van Pretoria.
Foto: Tim van Biljon

As 'n mens terugkyk na die eerste rugbyspan se prestasies die afgelope kwartaal, kan mens maklik in vervoering raak. Soos almal by Grey behoort te weet is die "First Team" steeds onoorwonne.

Die kwartaal is voorafgegaan met 'n toer na die Oos-Kaap, waar daar afgereken is met Framesby in Port Elizabeth (40 -10) Brandwag in Uitenhage(48-3) en Marlow Landbouskool in Cradock (26-10). Die plaaslike wedstryde teen Jim Fouché en HTS Louis Botha is kort na die aanvang van die kwartaal gespeel waarin oortuigende oorwinnings behaal is. Die 50-punt-kerf is in beide gevalle behaal. Die interskool teen Selborne College volg in nat toestande in Oos-Londen waartydens die eerstespan met 33-0 seëvier.

Hierna volg 'n toer na Windhoek, waarin Windhoek Hoër 57-3 geklop word en daarna Outeniqua met 41-0. Groot belangstelling het geheers oor die uitslag van laasgenoemde wedstryd, aangesien Outeniqua ook oor 'n sterk span beskik. Daar is algemeen verwag dat dit een van die moeilikse wedstryde van die jaar kon wees.

Paarl Boys kom kuier en word met 50-8 met die kous oor die kop teruggestuur. Affies, alias die " Wit Bul", kom met mening maar word in sy spore gestuit met die telling 30-13. Gerugte vanuit die kleedkamer is dat die eerstespan-kaptein en skrumskakel, Pieter Rademan (Radas) se "team talks" dieselfde effek as "steroids" het. 'n Regte adrenalien-inspuiting in die hart! 'n Verdere gerug dat dit selfs mnr. Dries van der Wal, adjunkhoof en rugbyhoof, sy vervloë senterjare laat herleef het, deur met 'n "goose step" voetgangers in die gang wou pypkan, maar sy kuitspier in die proses geskeur het. Helaas, slegs 'n gerug - die ware feit is dat sy pligsbesef die rede vir die geskeurde spier is - sy haas om by sy klaskamer en werk uit te kom!

Volgens Radas was Marlow 'n harde wedstryd, maar vat Affies die koek. "Hulle is altyd fisies," sê hy. Aspekte van Grey se spel wat volgens hom wel kan verbeter is hulle afronding en balretensie. Grey se eerstespan staan tans op 43 agtereenvolgende oorwinnings en het laas in Augustus 2006 die knie teen Paul Roos Gimnasium gebuig. Mnr. Van der Wal is baie nugter en besadig oor bespiegelinge van rekords, 'dream teams' en vergelykings tussen spanne van vorige jare met die huidige. "Ons kyk nie na rekords nie en Grey het nie 'dream teams' nie. Elke Grey-span het sy eie karakter en sterk punte. Daar is altyd wel meer ooreenkomste as verskille, naamlik goeie spangees, die wil om te wen, speel vir mekaar en bo alles vir Grey wat eerste kom."

Op 'n vraag waar hy sy inspirasie vir sy "team talks" vind, antwoord Radas: "Ek praat uit my hart uit. Ek kry inspirasie by elke speler wat al die 'First Team'-trui oor sy kop getrek het en by my Skepper". Dis altyd goed om te weet waar 'n mens se krag vandaan kom.

Uitstekende muurbalspelers maak naam in nasionale spanne

Helgard Claassen

Grey se muurbal gaan elke jaar van krag tot krag. Sover beleef die muurbalspelers weer 'n goeie jaar en baie van hulle het reeds briljante prestasies behaal.

Een van hierdie prestasies is die verkiesing van Lawrence Kühn en Jason Long tot die Suid-Afrikaanse onder 14-span. Jason Long verteenwoordig Suid-Afrika tans in Maleisië. Dit is 'n puik prestasie vir 'n speler wat reeds in die Primêre skool gereken is as een van die beste junior muurbalspelers in die land. Paul Rodrigues is een van die toppresteerders in Grey op die muurbalbaan. Hy is gekies vir die Suid-Afrikaanse Junior-span en is ook die beste speler in die onder 19-afdeling in Suid-Afrika. Hy is op die oomblik nommer een in die Vrystaat, nie net vir juniors nie, maar ook vir seniors.

Grey se muurbal vaar ook goed in spanverband. Volgens Ian Relling, wat nommer vier in die eerstespan is en verlede jaar die nommer 6-posisie in Suid-Afrika se onder 16-afdeling beklee het, "is Grey se muurbal net een stappie voor die ander skole". Die senior span het sover al die interskole gewen en die junior span het nog net teen Selborne in Oos-Londen verloor.

Die jaarlikse winterliga is iets waarna elke muurbalspeler uitsien. Hierdie jaar het Grey tien spanne wat aan die winterliga deelneem en op die oomblik is baie van hierdie spanne hoog op die ranglyste. In liga's 1, 3, 5 en 8 het Grey tans 'n span in die eerste drie.

In 2007 en 2008 het Grey se eerstespan 3de in die eerste liga geëindig. Dit is klaar 'n goeie prestasie en die vraag is of hulle vanjaar beter kan vaar? Ian Relling se antwoord hierop was: "Die eerste liga het harde wedstryde. Ons glo ons kan hierdie jaar wen. Ons is onoorwonne tot dusver."

Caring for the children in our community
KFC
Proud Supporter of your School
Bloemfontein (Zastron Str) 051 447 5500 Bloemfontein (Curie Ave) 051 522 0823 Bloemfontein (St Andrews Str) 051 447 4682
it's finger lickin' good.™

vivid 082 576 3143